# KAAPSE Brokkies
# NUUS 15 Nov 2010




Ons kyk terug na die laaste 3 maande en is verwonderd en dankbaar oor hoe goed die Here vir Hey! was en hoe Hy gehelp het om kundige mense om ons op te rig wat take uit ons hande kon neem sodat ons steeds kon fokus om te bedien en die kinders die Goeie Nuus van hoop te bring!! Ons het nou 'n webtuiste **www.hey.org.za**. Gaan loer gerus! Ek wys graag foto van ons nuwe **"pull up banner"** wat die boustene van KinderEEIII bevat en soos meetstok werk waarlangs kinders graag staan en hulself opgewonde meet! Die **"badges"** wat op pet of hemp vasgesteek kan word en lekker kleurvol en funky is gaan 'n groot wenner wees en aan einde van jaar as beloning uitgedeel word by jaarafsluitings. Dan het ons nou ook pragtige **besigheidskaartjies** en sodra registrasie deur is van Art 21 mpy kan ons brosjures gedoen word en die Hey! reënboog van hoop verder versprei!



Beaumont by nuwe banner!



Summies by die nuwe banner!

**Dankie veral aan Louise van Lovelab wie met soveel liefde gehelp het met ontwerp van hierdie en natuurlik donateurs wie help met kostes hiervan,ons waardeer dit baie !**

**Belinda se wiele is aan die rol!** Sy is van15-17 Nov by EEIII Veldwerkers konferensie in Pretoria en dan doen sy 'n Hope 4 Kids Werkswinkel in Retreat 19 tot 24 Nov. Bid dat beide hierdie geseënd sal wees asb!



Lawrencia laer

## Leer saam met die kinders van...

Die plekke wat Kids EE doen geniet die lesse oor **geloof** en veral die borrels wat simbolies is daarvan dat ons nie net op Jesus moet vertrou vir tydelike dinge nie maar op Jesus alleen vertrou vir die Ewige lewe! Die ouer kinders leer uit die Bybel van die **gawes van die Gees** en ons gebed is dat hulle die Heilige Gees sal toelaat om hierdie gawes /geskenke aan hulle te gee om ander te kan dien daarmee! Die Jollie Jakkers leer dat **jy moet uitstaan vir God soos Daniël** en sy vriende. Uit **Jona** se verhaal leer hulle dat God lief is vir alle mense en dat ons ook moet wees. Hulle maak kaartjies met **"God is lief vir jou"** wat uitgedeel word aan 'n vreemdeling en tuis vir hom gebid word. Die groeigoggas leer van gebed en die robot dat **God antwoord altyd gebed** : ja, nee of wag 'n bietjie omdat Hy altyd die beste weet!



Pêrelprojek se kinders

**Dankie vir jou gebede en liefde !
Celeste Steinmann
082 322 5299**